GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 15-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Open Door bied sake-ontbyt

Sien uitnodiging hier langsaan.
Meer besonderhede by:
Teresa Nagel: Tel: 011 412 3996 - Faks: 011 693 4851
admin@randfontein.ng.org.za - NG Randfontein-Noord

Argief vra hulp

Susan Marais van die Argief vra dringend julle hulp met datums (maand en jaartal) waarop 'n gemeente se naam verander het; of waar 'n gemeente by 'n ander gemeente ingelyf is; of waar gemeentes saamgesmelt het, of waar 'n gemeente gesluit is. Die afgelope jaar of wat het daar heelwat samesmeltings en inlywings in ons sinode plaasgevind. Help asseblief deur hierdie inligting aan susan@kaapkerk.co.za te stuur.

NUUS VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

NG Kerk se nuwe webwerf

Die NG Kerk se nuwe webblad is nou op die lug. Besoek dit gerus by www.ngkerk.org.za.

ANDER NUUSBROKKIES

Maak ‘n Paaspakkie vir die Paasvakansie

Annelet Slazus van dinkjeug (‘n inisiatief van die NG Kerk) laat weet:

Maak jou eie Paaspakkie vir jou gesin of gemeente vir die Paasvakansie. Daar is 17 saam lees, dink en doen aktiwiteite oor Lydenstyd en Paasfees wat jonk en oud betrek. Kry die volledige kaarte en lys van benodighede deur hier te klik, of volg “dinkjeug” se facebook bladsy (klik hier) om daagliks in die vakansie die oordenkings en aktiwiteit te kry. (met dank aan VrydagNuus)

Onsglo Toep vir jeug en familiebediening

Ds Anriëtte de Ridder vertel hoe opgewonde sy is oor die “onsglo” toep (app) wat saamgestel is deur die Taakspan vir Jeug en Familiebediening in samewerking met Bybelmedia. Die toep fokus op die 5 solas van die Gereformeerde Teologie en kan gebruik word as deel van die Reformasie 500 vieringe.

Die toep bestaan uit 25 Bybelstudies met saam dink en doen aktiwiteite wat handel oor 25 basiese geloofstemas. Daar is ook by elke tema ‘n aktiwiteit vir gesinne met kinders, ‘n tiener fokus, asook ‘n “delf dieper” gedeelte vir verdere nadenke. Dit kan gebruik word as deel van ‘n preek reeks in gemeentes, in kleingroepe, vir persoonlike stiltetyd, in gesinne of vir senior kategese.

Laai die toep gratis af op die google playstore – klik hier. (Dit sal teen volgende week ook op die Apple appstore beskikbaar wees). Indien jy nie die toep kan aflaai nie, kan jy ook die webtuiste www.onsglo.co.za besoek.

Gebruik geskenke om uit te reik na behoeftige kinders

Matthys Cronjé laat weet dat die VCSV geskenke as donasie uit die VSA ontvang het spesifiek om gelowiges in staat te stel om in die Oos-Kaap uit te reik na kinders wat nie het nie. Dit is veral bedoel vir kinders in laerskole.

“Die idee is dat elke individue of gemeente geskenke aankoop en dit dan gebruik om op ‘n uitreik uit te deel vir die wat nie het nie… Of ‘n gemeente koop dit aan om vir hul kids in die gemeente te gee… Die geskenkbokse is meer as R250 werd, maar omdat ons 1000 van hulle gekry het kan ons dit verkoop vir R50 elk.” Hier is meer inligting, asook die bestelvorm. Kontak Matthys by matthys@vcsv.co.za of 072 196 8437. (met dank aan Grenspos)

NG Kerk en TEASA reageer oor Min Gordhan

Vroeër hierdie week het die NG Kerk en die Evangeliese Alliansie van SA (TEASA) reageer oor pres Jacob Zuma se terugroep van min Pravin Gordhan na SA. Die NG Kerk en TEASA herinner aan die regering se verantwoordelikheid om ‘n stabiele en bevorderlike klimaat vir beleggings én alle landsburgers te verseker. Hulle pleit vir omsigtige leierskap en moedig ondersteuning van die Save South Africa-veldtog aan. Die volledige verklaring is hier. (met dank aan VrydagNuus)

Lydenstyd: Preekbesprekings

Die vyfde video in die Taakspan VBO se preekbesprekings van Lydenstyd-tekste is nou beskikbaar. Hierdie keer is dit Bruce Theron (United Congregational Church Kuilsriver), Alwyn Carstens (NG Gemeente Parow-Welgelegen), Frederick Marais (Communitas), Marié Britz (NG Moederkerk Stellenbosch) en Tony Robinson (Uniting Presbyterian Church of SA, Stellenbosch) wat saamgesels.

Hou Communitas se You Tube-rekening gerus dop vir die res van die video's - dit word telkens agt dae voor die betrokke Lydensondag gelaai. Klik onder vir die vyfde video. Baie dankie vir hierdie waardevolle hulpmiddel! (met dank aan VrydagNuus)

Labirint in St George's Katedraal

Daar is verskillende weergawes van labirinte. Sommige hiervan is geplavei, soos in die binnehof van die statige St George's katedraal in Kaapstad. Hier is enige besoekers daagliks gedurende kantoorure welkom, met 'n begeleide stap elke tweede Saterdag van die maand tussen 14:00 en 16:00 ook beskikbaar.

Met die huidige watersituasie is so 'n labirint dalk 'n alternatief om in julle kerktuin te oorweeg. Lees hier meer. (met dank aan VrydagNuus)

REFORMASIE 500

Bronne om Reformasie 500 te vier

Vanjaar gedenk gemeentes die 500-jarige bestaan van die Reformasie. Martin Luther se 95 stellings teen die kerkdeur van die kasteelkerk in Wittenberg word as die begin van die kerkreformasie gesien. Dit het die gang van Europa en die Weste se geskiedenis ingrypend verander. Bronne vir gebruik deur gemeentes om die Reformasie vanjaar te vier, is te vind op die volgende webblad: http://refo500.christians.co.za/

Spesiale lied: Reformasie 500

Nie net iets om oor te preek nie, maar ook van te sing!



Die 500-jarige herdenking van die begin van die Reformasie het die hele Protestantse kerk in rep en roer! Daar is egter nie baie bestaande liedere wat dit vir gemeentes moontlik maak om oor die groot geleentheid te sing nie. Juis daarom het VONKK (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek) spesiaal 'n lied geskep wat die tradisionele 5 sola's van die Reformasie in een lied, VONKK 341 bymekaar bring. Op die bekende en gewilde melodie van Maarten Luther, "'n Vaste burg is onse God" word die Sola Scriptura, Sola Gratia, Sola Fide, Solus Christus en Soli Deo Gloria vars in die mond van die gemeente geplaas.

Die VONKK-werkgroep wil graag GRATIS vir alle gemeentes die geleentheid gee om tydens die feesjaar hierdie aangrypende lied te kan sing. Kliek slegs op die volgende skakel: klik hier waar jy die volgende leêrs van VONKK 341 gratis kan aflaai:

- die melodielyn (ML) met akkoorde
- die orrelbegeleiding (OB)
- kantory/koorverwerkings (KV) van die lied
- musikale en instrumentale verrykings (MV) by die lied
- die Power Point (PP)
- asook die pragtige Engelse vertaling (TK) van die teks

Vrygemaak om in geloof anders te kan kyk

Bykans almal het vandag 'n selfoon met 'n kamera en alles word afgeneem. Min mense besef dat hierdie kamera op ons selfoon die wyse waarop mense na mekaar en na die wêreld en selfs die werklikheid kyk, radikaal verander het.

Sonder daardie selfoonkamera in hulle sak, sou baie mense nooit eers na daardie klip of blom of glimlag of traan gekyk het nie, maar nou kyk hulle voortdurend rond op soek daarna totdat hulle dit sien.

Die Reformasie in samehang met die ontdekking van die boekdrukkuns, het 'n vergelykbare invloed op mense gehad. In die tradisie van die Reformasie kan ons nie sê dat ons al iets gesien het, as ons nog nie deur die kamera van die Skrif daarna gekyk het nie. Deur die lens van die Skrif kyk ons as gelowiges om ons, maar ook terug en vorentoe en word 'n deel van die wolk van geloofsgetuies wat deur die eeue heen strek.

Een van die waarhede wat ons van die Reformasie geërf het, is dat ons vrygemaak is om in geloof anders te kyk. Dit is egter geloof in Jesus Christus wat ons ook die skoonheid laat sien van 'n geknakte riet, van 'n gedoofde lamppit, van 'n kruis. Dit is nie maklik om só na die wêreld te kyk en te sien nie. Ons word gebombardeer en geïndoktrineer met die wêreld se standaarde vir mooi. Niemand neem dieselfde foto's van dieselfde voorwerp nie, niemand kyk ook op dieselfde wyse deur die lens van die Skrif na die wêreld nie. Saam ontdek ons en help ons mekaar om in geloof dieper te kyk.

Bestel gerus hierdie pamflet vir julle gemeente en loop saam met Christelike Lektuurfonds die Reformasie-pad van vrymaking gedurende 2017. Januarie tot April se pamflette "Vrygemaak deur 'n God wat Hoop gee", "Vrygemaak om met vreugde te dien" , "Vrygemaak vir hierdie lewe" en "Vrygemaak om te kan bely" is ook nog in beperkte hoeveelhede beskikbaar indien julle dit misgeloop het.

Vir bestellings en navrae skakel 021 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za. Die pamflette is ook aflaaibaar op www.clf.co.za of deur CLF se gratis slimfoon-toep.

BYBEL MEDIA

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Fanus Kloppers: Aflos, preekbeurte – tel 062 162 6142 of sel: 016 454 0295 - Vereeniging
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net

- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS